

Geopende Deure
NUUSBRIEF

# Ondergronds, onder druk, maar groeiend

## Wanneer jy 'n ondergrondse kerklike netwerk in China lei, is daar oral gevaar

[JULIE/AUGUSTUS 2026]

**Vervolging was nog nooit ver van Ling*, 'n Christen in Suidwes-China, af nie. Jou ondersteuning hou haar egter aan die gang.**

Die vervolging het dadelik begin nadat sy en haar man, Song*, tot geloof in Jesus gekom het. Hulle het na hul familie teruggekeer, gretig om die Evangelie te deel. Maar toe Ling geweier het om aan die verering van hul voorouers deel te neem, het dinge lelik geword.

“Daar was geweldige druk op my,” onthou Ling. “My swaer het beledigings na my geslinger en gedreig om my aan te rand.”

Selfs nadat Ling en Song se familie tot die Christendom bekeer het, het die vervolging voortgeduur. Die breër gemeenskap was geskok, kwaad en het verraai gevoel, en het Ling se familie met skinderpraatjies en verwerping geteiken.

Meer onlangs het die owerhede hulle vervolg. Ling is seker dat sy dopgehou word en haar selfoon gemonitor word. Hierdie geheime monitering vervul haar met vrees.

Ondanks alles het Ling egter haar hoop in Christus vrymoedig gedeel. En jou ondersteuning het hierdie getroue vrou versterk en tot ʼn moedige leier in China se ondergrondse Kerk laat ontwikkel.

*vervolg op bladsy 2*

**Verteenwoordigende name en foto's gebruik vir sekuriteitsredes.*

*vervolg vanaf bladsy 1*



> **“Die toewyding van diegene wat na ons dissipelskap-opleiding gekom het, het my diep ontroer ...”**

## Beskerm en versterk

Vandag bestuur Ling ȟ netwerk van geheime gemeenskaps-groepe. Dit het klein begin – geheime byeenkomste in nederige huise, gelowiges wat vurig lofprysing doen en bid. Maar dit het gegroei ...

Mense het ure lank begin loop om by ȟ groep aan te sluit. Die getalle het toegeneem. Ling se man, Song, het ook die leiding begin neem, en die egpaar het by ȟ plaaslike sendingspan aangesluit, wat toegewy daaraan is om die Evangelie met etniese minderheidsgroepe te deel.

Danksy jou geskenke en gebede, het Ling onlangs Geopende Deure se dissipelskap-opleiding bygewoon. Sy het dit onopvallend bygewoon om ondersoeke te vermy en het baat gevind by die samesyn met ander leiers uit die ondergrondse Kerk terwyl hulle stories gedeel, mekaar bemoedig en in geloof gegroei het.

Matian*, ons vennoot wat die geleentheid gefasiliteer het, het gesê: “Die vyand rus nie, en die geestelike stryd word al meer intens. Die toewyding van diegene wat na ons dissipelskap-opleiding gekom het, het my diep ontroer.”

Jou ondersteuning stel ons vennote ook in staat om Ling te besoek en praktiese hulp, vertroosting, gebed en hernude hoop aan haar te bied.

Dit is ȟ risiko, maar noodsaaklik. Verskeie opleidingsgeleenthede moes gekanselleer word nadat die owerhede Christene aangehou het – dus is dit nou selfs belangriker as tevore om na geïsoleerde gelowiges te reis om hulle te ontmoet.

“Dit is roerend om die vrugte van ons mense-tot-mense-bediening te sien,” het Matian bygevoeg. “God gebruik Geopende Deure om gelowiges soos Ling in die dorp by te staan. Jou ondersteuning het gelowiges se begrip van God se Woord verdiep, hulle geloof te midde van vervolging versterk en hulle gehelp om te weet dat hulle nie alleen is nie.”

*Geopende Deure-vennote werk danksy jou geskenke en gebede saam met gelowiges soos Ling om Christene te versterk wat woon waar geloof die meeste kos.*

*Om uit te vind hoe jy kan help, besoek* ***www.opendoors.org.za/behind-closed-doors.***

# Jou ondersteuning in aksie

**'n Oorsig van hoe jou geskenke en gebede vervolgde Christene wêreldwyd help.**

## IMPAK IN INDIË



Drie jaar het verloop sedert etnies-godsdienstige geweld Manipur-staat in noordoostelike Indië getref het. Die konflik het duisende mense ontwortel, honderde doodgemaak, dorpe en huise vernietig, en honderde kerke is afgebrand of aangeval. Baie Christene is geteiken, en gelowiges leef steeds met die trauma van die geweld. Geopende Deure-vennote kon danksy jou geskenke en gebede gelowiges soos Thoinu* en haar man, Muan*, wat in die gevegte vasgevang was, bystaan.

Die egpaar is weens die geweld gedwing om vanaf Manipur te vlug en ŉ tuiste in ŉ aangrensende staat van Indië te vind. Hulle het nie werk gehad nie en het ŉ onseker toekoms in die gesig gestaar.

"Die druk het ons só gespanne gemaak," onthou Thoinu. "Maar ons het steeds al ons geloof in God geplaas, want Hy het nog altyd voorsien. Ons het nie geld nie … maar ons het God." Danksy jou ondersteuning kon Geopende Deure-vennote hulle van dringende hulp voorsien – noodsaaklikhede soos kruideniersware, toiletware, komberse en muskietnette.

Aangesien Geopende Deure al jare lank deur vennote in Indië werk, het jou geskenke ook langtermynbehoeftes ondersteun. Ons vennote kon Thoinu van baktoerusting voorsien sodat die familie genoeg kan verdien om ŉ bestaan te maak en selfs verskeie pastore in Manipur te ondersteun, wat gelowiges help terwyl hulle van die geweld herstel.

Ten spyte van alles wat hulle verduur het, hoop hulle om ander te dien en mense te bemoedig wat soortgelyke beproewings deurmaak. Dankie dat jy saam met God se mense in Indië staan!

## OM NOORD-KOREANE STERK TE HOU



*Verteenwoordigende foto.*

ŉ Geopende Deure-veldwerker het onlangs ŉ brief (geredigeer vir veiligheidsredes) gedeel wat hy van ŉ Noord-Koreaanse gelowige ontvang het. Dit lui:

*Beste broers en susters,*
*Leef julle in die Here se vrede?*

*Ons gebruik julle ondersteuning vir ons bediening. Baie gelowiges is in groot nood, en ons help dié wat hulp die nodigste het.*

*Ons, die Noord-Koreaanse Christene, is verenig in dieselfde geloof as julle en toegewy aan ŉ lewe wat op die Here gerig is. Ons streef daarna om die volgende generasie voor te berei en toe te rus om die Woord se leiding te volg en die Groot Opdrag van ons Here te vervul. Ons groei onder julle leiding en ondersteuning om getroue dienaars van God te wees …*

*Vandag sal ek my brief hier eindig. Baie dankie aan julle en almal wat vir ons werk.*

Jou ondersteuning maak dit vir ons moontlik om, deur ons geheime netwerke buite die land, Noord-Koreaanse gelowiges met Christelike materiaal toe te rus, voedsel en medisyne te verskaf, veilige huise vir vlugtelinge te bedryf, en Christelike radioprogramme te skep en uit te saai wat na Noord-Korea gestroom word.

Ons veldwerker voeg met dankbaarheid by: "Niks hiervan sou moontlik gewees het sonder die standvastige gebede en vrygewige ondersteuning van gelowiges wêreldwyd nie. Hulle ken die vers: 'As een ledemaat ly, ly al die ledemate saam' (1 Korintiërs 12:26). Hulle ken dit nie net nie, maar handel ook daarvolgens. Dankie vir alles wat jy doen namens die hele span."



**Toe pastoor Khoun* en sy familie Christus aanvaar het,** was vervolging op pad. Hul dorp in Laos het tradisionele oortuigings, wat baie moeilik is om te verlaat sonder beduidende teenstand. Die druk op pastoor Khoun het opgebou totdat sy gemeenskap hom uiteindelik ŉ ultimatum gegee het: "As jy Jesus nie verwerp nie, sal ons jou huis vernietig en jy sal die dorp moet verlaat," het hulle vir hom gesê.

Pastoor Khoun het geantwoord dat hy nooit sy geloof sou verloën nie. "Ek het vir hulle gesê dat ek niks verkeerd gedoen het nie. Hulle het volgehou dat dit teen hul animistiese tradisies en gebruike is om in Jesus te glo. Hulle het vir my gesê: 'Jou God is baie sterk, en ons animisme is swak.'

"Ek het hulle met vrymoedigheid uitgedaag: 'As julle dit weet, waarom glo julle dan nie in Jesus nie?"

Maar hulle het nie geluister nie. En kort daarna het hulle sy huis vernietig. Pastoor Khoun en sy familie is gedwing om te vlug.

Sedert daardie dag kon pastoor Khoun en sy familie nie na hul dorp terugkeer nie. Hulle bly in die aanhoudingsarea en mis hul huis baie. Hulle voel steeds die druk omdat hulle Jesus volg in ŉ gebied en land wat vyandig teenoor hul geloof is.

"Die lewe is ŉ stryd – ons het baie min kos en hulpbronne," deel pastoor Khoun.

Geopende Deure se plaaslike vennote kan danksy jou gebede en ondersteuning op hierdie behoeftes reageer. Hulle reik gereeld uit na pastoor Khoun en ander Christene wat in die gebied woon om praktiese hulp te gee, insluitende kos en kruideniersware. Pastoor Khoun het ook ŉ onlangse vervolgingsvoorbereidheid-seminaar bygewoon wat deur Geopende Deure gelei is. Hy sê die ervaring het hom aangemoedig om nog meer besorg te wees oor die Evangelie. Baie dankie vir jou omgee vir pastoor Khoun en ander wat gedwing word om hul geloof onder konstante druk uit te leef!

*Jou geskenke en gebede maak hierdie werk moontlik – en wys aan gelowiges regoor die wêreld dat hulle nie alleen is nie. Dankie!*

# Versterk geloof onder druk!

Volgelinge van Jesus op baie plekke regoor die wêreld word gedwing om Hom ondergronds en onder druk te aanbid, maar hulle doen dit tog. Jou geskenk vandag kan help om gelowiges te versterk wat jou geloof deel, maar nie jou vryheid nie.

Besoek www.opendoors.org.za/behind-closed-doors om meer te lees. Jou geskenke en gebede maak só ŉ groot verskil vir diegene wat weens hul geloof in Christus vervolging en onderdrukking in die gesig staar!



*Verteenwoordigende name word in hierdie nuusbrief gebruik vir sekuriteitsredes.*